

PV

VIR MELKKOEIE



'n Opsomming van die Verkennerlewe

v2.2
Januarie 2022

BELANGRIK

PV vir Melkkoeie is 'n opsomming wat gebruik kan word om die werk in die Verkennerlewe te hersien. Die PV teoretiese vraestel word opgestel uit die inhoud van die Verkennerlewe en dit is noodsaaklik om gedurende jou Verkennerloopbaan deur die boek te werk.

Hierdie dokument kan vir jou aandui watter afdelings in die Verkennerlewe jy in meer detail moet hersien.

Sterkte met jou PV voorbereiding!

Lys van Veranderinge

V2.0 *Eerste publikasie gebasseer op 2018-Verkennerlewe*

V2.1 *Spel- en Taalfoute reggestel*

V2.2 *Byvoeging van Anglo-Boereoorlog opsomming*

Byvoeging van Vegkop, Paul Kruger Standbeeld, Kasteel de Goede Hoop

Byvoeging van die Tien Gebooie

Byvoeging van Diensbare Leierskap

Byvoeging van Emosionele Intelligensie

Byvoeging van Probleemoplossing

Byvoeging van notas by Kaartwerk

Hoekom dan nou Melkkoeie?

Die Tierboskatte was 'n Verkennerspan aan Dirkie Uys kommando vanaf 2013 tot 2017. Aan die begin van die span se Voortrekker-avonture is 'n hele paar spanname eers deurgetrap voordat daar uiteindelik besluit is op hierdie spannaam. Met groot afwagting is die spankentekens vanaf die depot bestel en saamgebring na 'n spanbyeenkoms. Die pakkies kentekens was uitgedeel en een na die ander word die spanoffisier aangegluur met groot verbasing en teleurstelling. "Neef, die is g'n Tierboskat! Dit lyk meer soos 'n Melkkoei!".

Hierdie dokument is die resultaat van weke se voorbereiding om die Melkkoeie reg te kry vir die PV teoretiese eksamen. Ons deel dit graag met ander Verkennerspanne wat self spartel om alles onder die knie te kry.

Jaco van der Walt

1. ONTMOET DIE VOORTREKKERS

DIE VOORTREKKERS SE GRONDSLAG

God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die skepping.

◆ Die Voortrekkers het 'n geloofsgrondslag en bou alles wat ons doen op die waarhede wat die Here in die Bybel en in die skepping aan ons gee.

DIE VOORTREKKERS SE WESE

Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging wat ons lede, in besonder die jeug, toerus om as moderne Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene hulle roeping deur diensbaarheid uit te leef.

- ◆ Die Wese is Die Voortrekkers se identiteit en sê wat ons is en hoe ons lyk.
- ◆ **kultuurbeweging:** kultuur is dinamies en stagneer nie.
- ◆ **moderne Afrikanerskap:** aangepas by groter wêreld, nie blind vir foute nie, nie 'n rassesaak nie maar 'n kultuursaak.
- ◆ **positiewe Burgerskap:** positiewe Burgers omdat ons Christene is. Nie gebonde aan een land nie.
- ◆ **konsekwente Christenskap:** onbeskaamd Christene, tree altyd op soos van God verwag word. Standvastig in geloof.
- ◆ **roeping:** leef nie net vir onself nie, maar vir die plan wat God vir ons het. Voortrekkers wil elke lid help om hulle roeping te ontdek.
- ◆ **diensbaarheid:** spring tot aksie. Steek hand uit wanneer dit nodig is. Diensbaarheid gee praktiese inhoud aan ons Christenskap.

DIE VOORTREKKERKODE

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
2. 'n Voortrekker se woord is sy eer.
3. 'n Voortrekker is gehoorsaam.
4. 'n Voortrekker leef met respek.
5. 'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.
6. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.
7. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensbaar.

- ◆ Die grondslag, wese en kode is nie losstaande nie maar pas soos 'n legkaart oor mekaar.
- ◆ Die ABC is in elke kode verweef.

DIE VOORTREKKERWAPEN

- ◆ Idee van Prof. B Taute
- ◆ Leuse is voorstel van NJ van der Merwe
- ◆ Wapen skep indruk van doelgerigte beweging.
- ◆ **Die Wiel:**

- **Naaf** is middelpunt en dra die gewig. Simbool van diensbaarheid
- **Tien speke** dra elkeen bietjie van die las. Sterkte deur ons doelstellings = kode.
- **Vyf Vellings** simbool van stewigheid.
- **Ysterband** wat al die dele bymekaarhou en die wiel voltooi.
- Die wiel is die **voorwiel van 'n kakebeenwa** = verbintenis aan volksverlede en tradisie.
- Saam verteenwoordig die wiel **stewigheid, vastigheid en betroubaarheid**. Die wiel

sinnebeeld ook **beweging en vooruitgang**.

♦ **Die brandende fakkel** simboliseer die lig van die Christelike en Westerse beskawing wat ons voorouers die binneland ingedra het.

♦ **Die leuse:** Hou Koers

- Herinner ons om koersvas vorentoe te gaan.

DIE VOORTREKKERVLAG

♦ Vlag van die geskiedkundige Voortrekkerrepubliek Natalia.

♦ Voorstel van MM Jansen wie eerste vlag gemaak het en tydens die stigting gehys het.

♦ **Kleure:**

- **Rooi:** Dapperheid, durf en moed
- **Wit:** Hoë en skoon ideale en van reinheid van gedagte, woord en daad
- **Blou:** simbool van volharding, vooruitsig en nuwe horisonne

♦ **Vorm:** Die driehoek is eenvoudig en kan 'n swaar las dra sonder om inmekaargedruk te word. Dui op stewigheid.

♦ **Onthou hoe om die vlag korrek te vertoon:** Rooi bo, blou onder en die driehoek se punt aan die linkerkant.

“Die rooi van die Nasionale- en Voortrekkervlag is altyd bo want ons het nie lava in Suid-Afrika nie!”

DIE VOORTREKKERSTORIE

☂ *Moet nie vasgevang word in al die detail wat in Die Verkennerlewe geskryf word nie (bl. 18 - 61). Hier volg die belangrikste punte van die afdeling:*

♦ **CF Visser** (Vader Visser) het reeds as onderwyser in 1913 die idee van 'n Afrikaanse jeugbeweging.

♦ Die eerste weergawe van die kode, die **Voortrekkerwet** is in 1919 geskryf.

♦ Die eerste **Voortrekkerkommando** is in 1920 gestig by Hoërskool Sentraal in Bloemfontein.

♦ Naam **Drawwertjie:** Japie Heese het strandlopervoëltjies waargeneem wat soos jong dogters fluks in die huis rondhardloop om hulle ma's te help.

♦ Naam **Penkop:** jong seuns van Anglo-Boereoorlog was bekend as penkoppe omdat hulle hare so kort gesny was (soos krimpvarkies).

♦ Naam **Verkenners:** Eerste keer genoem in die Bybel toe Moses twaalf verkenners na Kanaän gestuur het. Ook militêr tydens Anglo-Boereoorlog met Danie Theron se fietsryers.

♦ In 1928/1929 het Die Voortrekkers **onderhandel met die Scouts** om gesamentelike jeugorganisasie te stig, maar was weens identiteitskwessies onsuksesvol.

30 September 1931

Amptelike stigting van Die Voortrekkers

- ◆ **Eeufees-Fakkelloop** in 1938 was Die Voortrekkers se eerste groot openbare optrede. Fakkels is vanaf reg oor die land opgedra en bymekaargekom vir die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument.
- ◆ **Inwyding van die Voortrekkermonument** in 1949 dra Voortrekkers die fakkelvlam van Universiteit van Pretoria na die Monument waar dit vandag nog bewaar word in die senotaafsaal.
- ◆ Tydens **Republiekwording** in 1961 was Die Voortrekkers betrokke met die inhuldiging van die eerste Staatspresident, CR Swart.
- ◆ Eerste **Presidentsverkeners** se balkies word in 1967 deur Staatspresident CR Swart oorhandig.
- ◆ Voortrekkers **demilitariseer** in 1993 tydens die Kongres.
- ◆ **75-feeskamp** vind plaas in 2006 by die Voortrekkermonument
- ◆ Landswye feesviering vir Die Voortrekkers se **85ste bestaansjaar** word in 2016 gehou.

HOOFLEIERS VAN DIE VOORTREKKERS

1	1931	Dr. NJ van der Merwe
2	1940	Dr. C.F. Visser (Vader Visser)
3	1959	Dr. J. de V. Heese
4	1966	Mnr. J.F.P. Badenhorst
5	1981	Mnr. B.H. Badenhorst
6	1981	Prof. C.W.H. Boshoff
7	1989	Ds. J.P.L. van der Walt
8	1997	Prof. T.P. Dreyer (Oom Tom Dreyer)
9	2001	Prof. P.J. Strauss
10	2013	Dr. Danie Langer

HOE DIE VOORTREKKERS FUNKSIONEER

DIE KLEURORDE VAN DIE VOORTREKKERS

(Wit) → Oranje → Groen → Blou → Rooi → Silwer → Goud

DIE STRUKTUUR VAN DIE VOORTREKKERS

KONGRES Verteenwoordigers van Die Voortrekkers		
HOOFBESTUUR <i>Goud</i>	HOOFBESTUUR Hoofdagbestuur Verteenwoordigers van Gebiede van Die Voortrekkers	HOOFDAGBESTUUR Hoofleier 3 <i>goue gekruisde fakkels</i> Adjunkhoofleiers 2 <i>goue gekruisde fakkels</i>
GEBIED <i>Silwer</i>	GEBIEDSRAAD Gebiedsbestuur Verteenwoordigers van Kommandos in die Gebied	
	GEBIEDSBESTUUR Gebiedsdagbestuur Oordleiers van die Gebied Twee Gebiedsjeugleiers 3 <i>kruithorings met silwer omboorsel</i>	GEBIEDSDAGBESTUUR Gebiedsleier 3 <i>silwer wawiele</i> Adjunkgebiedsleiers 2 <i>silwer wawiele</i>
OORD <i>Rooi</i>	OORDBESTUUR Oorddagbestuur Kommandoleiers van die Oord Een Oordjeugleier 3 <i>kruithorings met rooi omboorsel</i>	OORDDAGBESTUUR Oordleier 3 <i>rooi kompasse</i> Adjunkoordleiers 2 <i>rooi kompasse</i>
KOMMANDO <i>Blou</i>	JAARVERGADERING Kommandobestuur Ouers van jeuglede Ander belanghebbendes	
	KOMMANDOBESTUUR Kommandodagbestuur Veldkornette 3 <i>groen kompasse</i> Offisiereraad 2 <i>groen kompasse</i> Kommandojeugleiers 3 <i>kruithorings</i>	KOMMANDODAGBESTUUR Kommandoleier 3 <i>blou kompasse</i> Adjunkkommandoleiers 2 <i>blou kompasse</i>

☂ Die struktuur van die Staatmakers is tans in hersiening en word nie hier beskryf nie.

◆ Die Voortrekkers se **Reglemente** bepaal hoe besture saamgestel word

◆ Onthou: 'n **Bestuur** stel 'n **Dagbestuur** aan om namens hulle sekere take/besluite te hanteer.

GETROUE DIENS

	ORANJE	GROEN	BLOU	ROOI	SILWER	GOUD
JUKSKEI 	1 Jaar	2 Jaar	3 Jaar	4 Jaar		
VOORJUK 	5 Jaar	10 Jaar	15 Jaar	20 Jaar	25 Jaar	30 Jaar

GRAADWIELE

Verkenners (Groen omboorsel)

GRAAD 7	GRAAD 8 <i>Groenkop</i>	GRAAD 9 <i>Baanbreker</i>	GRAAD 10 <i>Uithaler</i>	GRAAD 11 <i>Baasverkenner</i>	GRAAD 12
Dagbreek	Oranje	Groen	Blou	Rooi	Presidentsverkenner Hoofleierswag

♦ **Graadwiele** word toegeken sodra 'n jeuglid die jaar se kurrikulum voltooi het.

VOORTREKKERDRAG

Groepkenteken "V" vir Verkenners "P" of "D" vir PD's Kremetartboom vir Staatmakers Fakkels vir Offisiere "H" vir Heemraadslede	Voortrekkerwapen
Voorslag "V" in goud, silwer of brons (opsioneel)	Gebiedswapen
ABC toekenning Verskillende kleure gebaseer op jou punte	Kommandonaam
Spesiale Onderskeidingkentekens Kentekens wat jy op kampe verdien. Dagbeek kentekens word as eerste kentekens gedra indien in Graad 7 toegeken was. Slegs 3 kentekens in 'n ry. Orde: 1ste kenteken in middel. 2de kenteken aan knope kant, 3de kenteken aan syaatkant.	Spankentekens
	Rangkentekens Kruithorings vir Verkenners (1, 2 of 3)
	Getroue Diensjare
	Graadwiele

VERKENNERBELOFTE

Op my eer beloof ek dat ek sal strewen om God te eer,
 Om my volk, my land en my medemens te dien en
 Om die Voortrekkerkode na te leef.

2. GROENKOPVERKENNER

DIE GESKIEDENIS VAN JAN VAN RIEBEECK TOT BY DIE GROOT TREK

- ◆ Die **San** en **Khoi-Khoi** was die eerste inwoners van Kaap
- ◆ **Bartholomeus Dias** was die eerste Europeër wat in **1488** in Mosselbaai voet aan wal gesit het.
- ◆ Die **VOC** was 'n Nederlandse handelonderneming in die 1600's
- ◆ Die **VOC** se handelsroetes het vereis dat 'n verversingspos in die Kaap gestig word.
- ◆ **Jan van Riebeeck** is gestuur deur die VOC om die verversingspos te stig en arriveer op **6 April 1652** in die Kaap.
- ◆ Die **VOC** se amptelike taal was Nederlands, maar omdat soveel mense per skip deur die Kaap beweeg het, het die tale begin meng om vorm te gee aan Afrikaans.
- ◆ Die **Vryburgers** was ex-VOC werkers wat toestemming gekry het om op hulle eie in die Kaap 'n bestaan te maak. Die burgers het begin om hulle identiteit as Afrikaners en nie Europeërs te bevestig.
- ◆ Tussen **1688 en 1700** het omtrent tweehonderd **Fransse Hugenote** uit Frankryk gevlug en in Suid-Afrika kom vestig om rede Protestant Christene vervolgd was deur die Rooms-Katolieke Kerk.
- ◆ **Brittanje** beset die Kaap in **1806** in 'n strategiese skuif ten midde die dinamiese internasionale politiek van die tyd.
- ◆ Brittanje het sy imperialistiese verengingsbeleid op die Kaap afgedwing en het verder die burgers vervreemd van die staat.
- ◆ Brittanje het **slawerny afgeskaf** maar het nie hulle ooreenkomste om die burgers te vergoed nagekom nie. Dit het ekonomiese uitdagings vir die boere ingehou.
- ◆ In **1820** het 4000 **Britse Settelaars** in die Kaap aangekom. Hulle is gestuur om die werkloosheidskrisis in Brittanje te verlig en is gratis landbougrond in die Oos-Kaap belowe.
- ◆ Omstandighede op die **Kaapkolonie se grense** was moeilik - droogtes, siektes en aanvalle van Xhosa-stamme. Die gemeenskap was vër verwyder van die staat en moes hulleself as 'n gemeenskap onderhou. Die verhouding tussen die Boere en die Britse Settelaars was uitstekend.

HISTORIESE KULTUURDAE

REPUBLIEKDAG - 31 MEI

31 Mei 1902 - Vrede van Vereeniging

31 Mei 1910 - Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika

31 Mei 1961 - Totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika

GELOFTEDAG - 16 DESEMBER

Voorheen bekend as Dingaansdag. Na 1994 verander dit na Versoeningsdag.

BASIESE EKONOMIESE BEGRIPPE

BRUTO BINNELANDSE PRODUK (BBP)

Die markwaarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die grense van die land binne 'n bepaalde periode. Word vergelyk met vorige jaar/kwartaal om te bepaal of ekonomie versterk of verswak.

INFLASIE

Die netto toename van pryse van goedere en dienste in die land. Bv. 10 jaar terug was 'n Brood R8. Vandag kos 'n brood R15.

RENTEKOERSE

Die prys wat betaal moet word vir elke rand geleen; uitgedruk as 'n persentasie of proporsie. Bv. 12% Rente op R100 geleen beteken ek moet R112 terugbetaal.

WISSELKOERS

Die koers waarteen een land se geldeenheid verruil word vir 'n ander. Anders gestel, die prys van een monetêre eenheid in terme van 'n ander monetêre eenheid. Bv. \$1 = R16

NASIONALE LIEDERE EN SIMBOLE

NASIONALE LIED VAN SUID-AFRIKA

- ◆ *Die Stem van Suid-Afrika* sowel as *Nkosi Sikelel' iAfrika* was tussen 1994 en 1997 as Nasionale Liedere erken.
- ◆ In Oktober 1997 word die twee gekombineer as die huidige *Nasionale Lied van Suid-Afrika*.
- ◆ Die Nasionale Lied bevat **5** van Suid-Afrika se amptelike tale.

DIE LANDSWAPEN

- ◆ **27 April 2000** in gebruik geneem
- ◆ **Leuse:** *!ke e: /xarra //ke*
 - Khoisan-taal van die /Xam mense
 - Beteken **diverse mense verenig**
 - Dit dui daarop dat Suid-Afrika streef na eenheid ten spyte van ons verskillende agtergronde.
-

◆ **Simbole:**

Koringare	Vrugbaarheid en idee van groei.
Olifantstande	Wysheid, krag, standvastigheid, matigheid, ewigheid
Die Skild	Weerspieëling van identiteit
Mensfigure	Afkomstig van SA Rotskuns. Simboliseer menswees en herkoms. Figure groet mekaar wat "begin" simboliseer (groei, ontwikkeling)
Spies en Knopkierie	Verdediging en gesag. Vorm die bene van die sekretarisvoël. Spies en Knopkierie is neergelê wat vrede simboliseer, maar is gereed.
Die Protea	Skoonheid van ons land, sowel as groei.
Die Sekretarisvoël	Voël is in vlug → <i>Groei en spoed</i> . Sekretarisvoël jag slange met sy bene → <i>verdedig SA</i> .
Opkomende Son	Helderheid, prag en energie. Belofte van 'n nuwe begin.

NASIONALE VLAG

- ◆ Datum van ingebruiknemning: **27 April 1994**
- ◆ Geen simboliek aan die kleure op die vlag nie
- ◆ Die Y-vorm simboliseer ineenskakeling van verskeie strome wat saam pad vorentoe volg.
- ◆ Lengte is altyd een en 'n half maal die breedte
- ◆ 3 Standaard groottes:
 - Stormvlag: 90x60cm
 - Standaardgrootte: 180x120cm
 - Seremoniele vlag: 270x180cm
- ◆ **Vlagprotokol**
 - Hys Nasionale vlag eerste, stryk dit laaste
 - Nasionale vlag hang aan **toeskouers** se **linkerkant**
 - Nasionale Vlag mag nooit die grond raak nie
 - Nasionale Vlag mag nie as tafeldoek gebruik word nie
 - Nasionale Vlag mag nie gebruik word om 'n standbeeld te onthul nie
 - Nasionale Vlag mag nie gebruik word om 'n kompetisie of wedren te begin nie.

ANDER NASIONALE SIMBOLE VAN SUID-AFRIKA

Nasionale Dier	Springbok
Nasionale Blom	Koningsprotea
Nasionale Boom	Geelhout
Nasionale Voël	Bloukransvoël
Nasionale Vis	Galjoen





AFRIKA-UNIE

- ◆ Afrika-Unie (AU) is 'n tussenregeringsorganisasie waarin meer as 50 Afrika state en eilande verteenwoordig is.
- ◆ AU is nie so heg soos die Europese Unie nie
- ◆ Die Voortrekkers erken die vlag van die Afrika-Unie as een van ons simbole.
 - Vlag se agtergrond is groen wat hoop simboliseer
 - 53 goue sterre op die vlag verteenwoordig die lidlande

VOORTREKKERLIEDJIES

Hou Koers Lied 1ste vers vir alle Voortrekkers geskryf; 2de vers vir Verkenners en 3de vers vir Volwassenes.	Teks: Ansie du Plessis Melodie: Christa Steyn
Sporelied (85 Jaar Fees)	Teks en Melodie: Jak de Priester
Die Spore Wat Ons Los (90 Jaar Fees)	Teks en Melodie: Johan Vorster Kunstenaar: Adam Tas

AGT BASIESE KNOPE

<p>Skuifknoop</p>		<p>Om twee toue van dieselfde dikte aanmekaar te knoop. “Links oor regs, dan regs oor links”. Wees versigtig vir verkeerd maak!</p>
<p>Vissersknoop</p>		<p>Stewige lasknoop vir twee toue van dieselfde dikte wat nie losgly as die toue nat word nie.</p>
<p>Voorslagknoop</p>		<p>Om ‘n dik en ‘n dun tou aan mekaar vas te knoop. Gebruik om die voorslag van ‘n sweep aan die dikker ankerslag vas te maak. Gebruik om vlae aan ‘n tou vas te maak.</p>
<p>Knievalter</p>		<p>Om ‘n tou stewig aan ‘n paal vas te maak. Word gebruik as die begin van ‘n kruisvaswoel.</p>
<p>Figuur agt knoop</p>		<p>Stopperknoop wat maklik losgemaak kan word. Word veral op seiljagte gebruik.</p>
<p>Skenkelknoop</p>		<p>Om ‘n tou tydelik korter te maak. Kan maklik losglijp indien die tou nie onder spanning is nie.</p>
<p>Booglynknoop</p>		<p>‘n Knoop wat nie op sy lus toeskuif nie. Word gebruik om iets op te lig sonder om dit te styf vas te knyp.</p>
<p>Kruisvaswoel</p>		<p>Word gebruik om twee pale in ‘n dwarsbalk vas te maak. Moet styf gewurg word.</p>

BASIESE NOODHULP

◆ 4 Basiese lewenstekens:

Asemhaling	Kyk vir borskasbeweging, voel met hand oor mond
Sirkulasie	Pols
Temperatuur	Rugkant van hand teen voorkop. Warm, normaal of koud
Velkleur	Rooi - koorsig. Bleek - ernstige bloeding. Blou - asemhaling of hartprobleme

BLOEDING

- ◆ Vermy kontak met 'n ander persoon se bloed
- ◆ Drie algemene oorsake van uitwendige bloeding is **skraapwonde, snywonde of mond- en neusbloeding**.
- ◆ **Neusbloeding**: Laat persoon *vooroor* leun en plaas druk toe op die neus waar die kraakbeen ophou.

ASEMNOOD

- ◆ Laat persoon plat op rug lê met kop laer as liggaam
- ◆ Sorg vir 'n oop lugweg deur kop liggies agteroor te druk.
- ◆ Verwyder sigbare kos ens. uit persoon se mond
- ◆ As die persoon nie asem haal nie:
 - Indien daar pols is, begin met kunsmatige asemhaling
 - As daar nie 'n pols is nie, begin met KPR

BEENBREUKE

Indien 'n been gebrek is, moet dit *geïmmobiliseer* word deur **spalke** of **verbande**.

BRANDWONDE

- ◆ Brandwonde word veroorsaak deur:
 - **Vogtige hitte**: kookwater, olie of warm kos
 - **Droë hitte**: son, elektrisiteit, wrywing
 - **Chemikalieë**: sure of alkalieë
- ◆ Tipes brandwonde:

Oppervlakkige brandwonde	Rooi en pynlik. Hou die wond onder lopende koue water.
Diep brandwonde	Blase met vloeistof daarin. Koel wond af met lopende koue water. Indien wond groot is, bedek met klam laken of gaas. Vervoer na hospitaal.
Chemiese brandwonde	Spoel aanhoudend met stroom water af. Beveilig jouself. Verwyder besoedelde klere.
Weerlig of elektrisiteit	Gewoonlik nie sigbare brandwond nie. Pasiënt gewoonlik bewusteloos en hartstilstand. Moet nie persoon raak voordat krag afgeskakel is nie. Versorg eers asemhaling en hart voordat brandwonde behandel word.
Oogbrandwonde	Spoel oog met baie koue water uit. Bedek oë met klam verband en neem na hospitaal.

BYSTEKE

- ◆ Kan dodelik wees as persoon allergies is.
- ◆ Skraap angel af met 'n mes.
- ◆ Verlig pyn met koue kompres op die wond.
- ◆ Asemhalingsprobleme of droë tong = allergies. Gee antihistamien en neem na dokter.

SKERPIOENSTEEK

- ◆ 'n Steek van die skerpioen met klein knypertjies en 'n dik stert, kan dodelik wees.
- ◆ Verlig pyn met koue kompres

SLANGBYT

- ◆ Gevaarlike slange: pofadder, mamba, kobra, rinkhals, boomslang en voëlslange.
- ◆ Beveilig die omgewing en kalmeer pasiënt. Moet nie slang probeer vang nie, maar kry 'n goeie beskrywing.
- ◆ Kontroleer asemhaling en sirkulasie.
- ◆ Draai 'n verband vas om die bytplek.
- ◆ Moet nie enige "TV" metodes probeer nie (gif uitsuig, melk ens.)
- ◆ Slanggif wat gespoeg is moet met baie water uitgespoel word. Gewoonlik geen permanente skade nie.

BLOUBLASIES

- ◆ Pynlike rooi swelsel.
- ◆ Vleisversagter op nat gaas en anthistamien kan pyn verlig.

VERSTIKKING

- ◆ Tekens: persoon gryp na keel, kan nie praat of asem haal nie, mond en gesig word blou.
- ◆ Behandeling: Moedig persoon aan om te hoës. Heimlich Maneuver

3. BAANBREKERVERKENNER

GESKIEDENIS VAN DIE GROOT TREK TOT BY DIE ANGLO-BOEREOORLOG

- ◆ Teen 1830 is drie groot groepe teenwoordig in die Kaapkolonie:
 - Brittanje met imperialistiese ideale probeer Kaap se grense uitbrei.
 - Xhosa-monargie in die binneland verloor hulle landsgrense en is in gedurige konflik met die bestaansboere aan die Kaap se grense.
 - Vasgedruk tussen die twee is die Hollandse boere (later Voortrekkers). Stryd teen verwoesting van Xhosas en imperialistiese bedryf van Britte.
- ◆ 'n Dryfkrag vir vryheid ontstaan onder die Hollandse boere - hulle wou hulself regeer met hulle eie identiteit.
- ◆ Konflik tussen inheemse swart volke het gesorg dat moord en uitroeiing in die Suid-Afrikaanse binneland seevier.
- ◆ Groot afstande tussen plase het veroorsaak dat sterk plaaslike gemeenskapsbande tussen die boere gevorm het.
- ◆ Voortdurende konflik met die Xhosas het die boere laat beseef dat 'n goeie verhoudings en betrekking met die swart stamme noodsaaklik is.
- ◆ Piet Retief stel 'n trekmanifes op wat onderneem om geen volk te onderdruk of eindom van te ontnem nie.
- ◆ Boere kon nie op die Britse kolonie staatmaak om orde op die grens te handhaaf nie. Boere het hul besware aangeteken en Retief as spreekbuis ondersteun.
- ◆ Die kommandostelsel het ontwikkel om die grensboere te beskerm.
- ◆ Teen **1835** het Hollandse grensboere die Kaapkolonie begin verlaat.
- ◆ Die eerste groot versamelpunt vir die trekkers was naby Thaba Nchu (verby Kaapkolonie se grense), maar die trekkers het nog onduidelikheid gehad oor hul eindbestemming.
- ◆ Die eerste trekkersrepubliek was bekend as *De Vrije Provincie van Nieuw Holland in Zuid-Oost Afrika*. Hulle het die Potgieter- en Natalia-vlag as simbole gebruik.
- ◆ Al was die Voortrekkers onseker oor hulle bestemming, het hulle reeds begin om staatsregtelike orde in hulle beweging te skep. Dit was ook die eerste demokratiese verkiesing vir 'n goewerneur (voorheen is aanstelling vanuit eksterne moondhede gemaak).
- ◆ Die kerk (Kaapse Sinode) het die Voortrekkers veroordeel oor hulle trek, maar die trekkers het 'n nuwe kerk en sinode gebou.

DIE STORIE VAN BLOEDRIVIER

- ◆ **1837:** Piet Retief reis na Dingane (koning van die Zoeloës) om vir grond te vra.
- ◆ Boodskappers laat weet Retief se geselskap dat onderhandelinge suksesvol was. Debora Retief (Piet Retief se dogter) skryf haar pa se naam met groen verf op die rotse by Kerkenberg.
- ◆ Die Voortrekkers begin by die Drakensberge aftrek.
- ◆ **1838:** Piet Retief en Dingane teken die traktaat waarin Zoeloegrond in Natal aan die Voortrekkers oorgee.
- ◆ Retief se geselskap (insluitend sy 12-jarige seun) word deur Dingane vermoor.
- ◆ Bloukransmoorde: honderde vrouens en kinders word onverwags deur Zoeloës aangeval en vermoor.
- ◆ Andries Pretorius arriveer by die laers en word as kommandant-generaal verkies. Hy vertrek op strafekspedisie teen Dingane.
- ◆ 9 Desember 1838: Die Geloofte word vir die eerste keer deur Sarel Cilliers afgeleë.
- ◆ **16 Desember 1838:** Die Slag van Bloedrivier vind plaas. Meer as 3000 Zoeloe-krygers sterf en net 3 Voortrekkers is gewond.

- ◆ Andries Pretorius vind die oorskot van Piet Retief en sy geselskap. Die traktaat word ook by hulle gevind.
- ◆ **1839:** Die Trekkers vestig die hoofstad, Pietermaritzburg.
- ◆ **1841:** Die Geloftekerk word (soos belowe) gebou.

DIE ANGLO-BOEREOORLOG

- ◆ **1845:** Die meeste Trekkers verlaat Natal nadat dit deur die Britte beset word en vestig in Transvaal en Vrystaat.
- ◆ Verskeie klein boererepublieke word regoor suider-Afrika gestig, soos Stellaland, Goosen, Lydenburg en Vryheid. Twee grootste boererepublieke was Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR)/Transvaal en die Oranje-Vrystaat (OVS).
- ◆ Voortrekkers (nou meer algemeen bekend as Boere) moes die administrasie van die republieke stig en onbewone binneland ontwikkel.
- ◆ Ontdekking van goud en diamante:
 - ◆ Diamante in Kimberley (1866)
 - ◆ Goud aan die Witwatersrand en Pelgrimsrus (1866)
- ◆ Ontdekking van goud en diamante gebeur tydens Brittanje se nywerheidsrewolusie en Brittanje wou baie graag hierdie ryksame mineraalbronne besit.
- ◆ Duisende prospekteerders en goudsoekers stroom na ZAR; dit veroorsaak baie konflik en administratiewe uitdagings.
- ◆ Buitelanders in die boererepublieke verander die gemeenskap na Engels. Dit veroorsaak die stigting van Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) wat kort na stigting die eerste Afrikaanse koerant, *Die Afrikaanse Patriot*, vervaardig.
- ◆ Gevolg van GRA is dat Afrikaanse boeke begin ontwikkel, en dat die taal algemeen begin gebruik word.
- ◆ **1877:** Transvaal word deur Brittanje geannekseer. Transvaal was nog deurmekaar en nie werklik selfstandig nie.
- ◆ **Protesbeweging:** Onder leiding van Paul Kruger, het burgers van Transvaal teen die anneksasie van die ZAR baklei. Kruger het 'n moeilike taak en mobiliseer burgers van ZAR tot oorlog.
- ◆ **Eerste Vryheidsoorlog:** 16 Desember 1880 - 23 Maart 1881
 - ◆ Slag van Majuba was die belangrikste veldslag en het die oorlog vir die Boere gewen
 - ◆ Vrede word by Pretoria Konvensie in 1881 gehandhaaf, maar ZAR kry nie volle onafhanklikheid nie. Brittanje het steeds buitelandse beleid bepaal, en ZAR die binnelandse sake.
 - ◆ Brittanje was verneder deur die Slag van Majuba
 - ◆ Paul Kruger word gesien as amptelike leier van die Afrikaner
- ◆ Jameson-inval: Onder leiding van Cecil John Rhodes (Kaapse Premier) het die Jameson-inval plaasgevind wat gepoog het om 'n staatsgreep op die ZAR uit te voer. Dit het misluk.
- ◆ **Anglo-Boereoorlog:** Oorlog tussen twee Boererepublieke (OVS & ZAR) en Brittanje
 - ◆ 11 Oktober 1899 - 31 Mei 1902
 - ◆ Guerilla-oorlog: klein groepies krygers val Britse soldate aan
 - ◆ Brittanje gebruik verskroeiende-aarde beleid: vernietig boere se huise, plase en vee.
 - ◆ Konsentrasiekampe word deur Brittanje gestig
 - ◆ Emily Hobhouse (Britse burger) besoek konsentrasiekampe en ondersteun vroue en kinders in die kampe.
 - ◆ 31 Mei 1902 word Vrede van Vereeniging gesluit - Boere kon lyding van vrouens en kinders in konsentrasiekampe nie langer opweeg teen vryheid nie.

HISTORIESE GEDENKWAARDIGHED

☞ *Maak seker dat jy weet hoe elkeen van die monumente lyk.*

Afrikaanse Taalmonument	Paarl	Opgerig ter ere van Afrikaans. Argitek: Jan van Wijk Monument versinnebeeld groei en lewe van die taal. Bronsletters op die monument: "Dit is ons erns".
Bloedrivierterrein	Dundee	Bronswalaer en Bloedriviermonument op die terrein. Bronswalaer staan op oorspronklike plek waar Andries Pretorius se laer gestaan het.
Dorslandtrekker Monument	Swartbooisdrift	Herdenk die hervestiging van die Dorslandtrekkers in Suidwes-Afrika, wat vir 'n halfeeu in Angola gewoon het. Ontwerp en opgerig deur Jan van der Smit. Elke 5 jaar 'n groot gedenkfees by die monument.
Geloftekerk	Pietermaritzburg	Oorspronklike Voortrekkerkerkie gebou in 1841 deur die Voortrekkers.
Hugenote monument	Franschhoek	Sterk Christelike simboliek: 3 boë simboliseer Drie-eenheid (Vader, Seun en Heilige Gees). Vrouefiguur het Bybel in een hand en gebreekte ketting in ander (godsdienstvryheid). Fleur-de-lis verwys na Franse herkoms.
Nasionale Vrouemonument	Bloemfontein	Ter ere aan vroue en kinders wat tydens Anglo-Boereoorlog gesterf het. Tydens onthulling was meer as 20 000 Afrikaners teenwoordig.
Voortrekkermonument	Pretoria	Ter ere van die Slag van Bloedrivier. Monument staan in laer van 64 ossewanes. Beeld van vrou en kinders staan voor die monument. Marmerfriese in die monument vertel storie van die Groot Trek.
Vegkop	Naby Heilbron	Eerste veldslag tussen Voortrekkers en Matabeles. Andries Hendrik Potgieter het 34 Voortrekkers gelei om teen 3000 Matabeles te wen.
Paul Kruger-standbeeld	Kerkplein, Pretoria	Omring deur 4 boerewagte, twee uit die Groot Trek en 2 uit die Anglo-Boereoorlog. Standbeeld was aanvanklik voor Pretoria Treinstasie.
Kasteel de Goede Hoop	Kaapstad	Tydlike fort wat gebruik was tussen 1666 en 1679 deur VOC. Oudste gebou in Suid-Afrika.

SEREMONIES

- ◆ Seremonies is hoofsaaklik daargestel om eer aan simbole te wys
- ◆ Voortrekkers beoefen seremonies om die volgende redes:
 - Samewerking te bewerkstellig
 - Orde te handhaaf
 - Gesagsaanvaarding 'n gewoonte te maak
 - 'n Goeie beeld in die openbaar te skep
 - Selfdissipline te beoefen
 - Bepaalde sentimente oor te dra

ALGEMENE BEWEGINGS

Aandag	Linkervoet beweeg flink tot langs die regtervoet. Hakke kom teen mekaar. Hande toe met arms langs die sye. Oë oop, stil en reguit vorentoe.
Op die plek rus	Linkervoet beweeg weg van die regtervoet. Regtervoet bly stilstaan. Terselfdetyd beweeg arms flink tot agter die rug, regterhand in palm van linkerhand.
Staan in rus	Hele liggaam ontspan maar voete mag nie beweeg nie.
Regs- en Links-rig	<p>(Groep moet op aandag wees) <i>EEN, twee, drie, EEN</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Almal behalwe merker draai op eerste <i>EEN</i> koppe flink na regs/links. 2. Terselfdetyd beweeg linker/regter arm reguit uit na links/regs op die skouerhoogte. Arm beweeg agter skouer van maat in. 3. Na pousestelling (<i>twee, drie</i>) word flink skuiftreetjies gegee tot dat vuis net aan maat se skouer raak, en ken van maats in lyn is (sonder om vorentoe te leun). 4. Indien meer as een ry aangetree is, lig slegs die voorste ry hulle arms maar almal (behalwe die merkers) se koppe draai na maat. Skuiftreetjies word gebruik om agter die voorste ry, en in lyn met die maat, in te skuif. <p>“Met elmboog-tussenruimtes” - sit arm op sy en gebruik elmboog om afstand tussen mekaar te meet. Word gebruik in beperkte ruimtes.</p>
Oë-front	Oë en kop word flink na vorentoe gedraai en uitgestrekte arms word langs sy geplaas in aandag posisie. Sye word nie met die arms geklap nie.
Links-om / Regs-om	<p>Om 90-grade in die rigting te draai. <i>EEN, twee, drie, EEN</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Op eerste <i>EEN</i> draai linker-/regtervoet 90-grade op die haak. 2. Op tweede <i>EEN</i> word die ander voet flink langs die voet wat gedraai het geplaas. 3. Liggaam bly in Aandag posisie
Om-keer	<p>Om 180-grade om te draai. <i>EEN, twee, drie, EEN</i> Presies soos 'n regs-om, maar draai 180-grade.</p>

Voorwaarts mars	Begin slegs vanuit Aandag-posisie marsjeer. Begin altyd met linkervoet en begin dadelik arms swaai.
Halt	<i>Stuit, EEN, twee</i> Bevel word gegee as die groep se linkervoete grondvat. Nog een tree word daarna met die regtervoet gegee, dan 'n stuitree met die linkervoet waarna die regtervoet flink langs die linkervoet geplaas word om te halt.
Uit-tree	<i>EEN, twee, drie, EEN, twee, drie, EEN, TWEE, DRIE</i> Toestemming om uit te tree moet eers deur bevelvoerende offisier gegee word. Groep maak 'n regsom en stap twee tree/drie tree en breek dan die gelid.
Saluut	<i>twee, drie, OP, twee, drie, AF</i> Regterhand flink na die linkerbors. Gestrekte oop hand plat op die bors.

ALGEMENE SEREMONIENOTAS

- ◆ Die **Nasionale vlag** hang altyd aan die gehoor/toeskouers se **linkerkant**.
- ◆ **Geslag** speel geen rol in watter persone seker take/funksies/rolle tydens 'n seremonie mag uitoefen nie. Bv. 'n seun of 'n dogter mag die landsvlag dra.
- ◆ Indien vlae oop gedra word, word dit oor die **linkerskouer** gedrapeer.
- ◆ Die **Nasionale vlag** word eerste gehys/geplant en laaste gestryk/verwyder.
- ◆ 'n **Voorslagknoop** word gebruik om die hystou aan die vlagtou vas te maak.
- ◆ Die Seremonieleier kan die bevel "**herstel**" gee om die vorige bevel te kanselleer.
- ◆ Vlae kan toe (opgerol) gehys word, en **ontplooi** word. Die saluut word waargeneem as die landsvlag ontplooi word.
- ◆ Die **Saluutoffisier** word gewoonlik aangewys as die persoon teenwoordig met die hoogste rang of status. Die persoon mag wel 'n sekondus (iemand anders) aanstel.
- ◆ Die **Saluutoffisier** bepaal hoe die saluut geneem word. Dit kan besluit word dat slegs die Saluutoffisier saluut neem, of dat die hele gehoor saam die saluut neem. Dit is wel praktyk dat slegs die Saluutoffisier die saluut neem, sowel as die vlagdraers (voordat die vlae verwyder word, of nadat dit gehys is)
- ◆ Indien liedere gesing word tydens die eerbetoning, sing almal wat saluut neem saam.
- ◆ Ander items soos fakkels mag ook tydens seremonies gebruik word.
- ◆ 'n **Godsdiensoffisier** mag aangestel word om skriflesing en/of gebed tydens 'n seremonie waar te neem. As die bevel "**kom laat ons bid**" gegee word, kom almal in die Aandagposisie maar dogters en dames vat hulle hande voor hulle saam. Na die gebed kom almal weer *op die plek rus* sonder bevel.
- ◆ Voordat die **Seremonieleier** die groep uittree, moet toestemming vanaf die **bevelvoerende offisier** verkry word.

4. UITHALERVERKENNER

DIE TIEN GEBOOIE

☞ Verskillende vertalings en weergawes verwoord elke wet effens anders - moet nie daarop fokus om dit presies soos hieronder/Verkennerlewe te memoriseer nie. Kies 'n vertaling/weergawe wat jou help om elkeen beter te verstaan.

Eksodus 20:1-17, Deuteronomium 5:6-21, Mattheus 22

1. Stel God, wat die enigste God is, altyd eerste
2. Aanbid God in waarheid
3. Eerbiedig die naam van God
4. Eerbiedig die dag van die Here
5. Respekteer jou ouers
6. Respekteer die lewens van ander mense
7. Respekteer die huwelik
8. Wees 'n goeie rentmeester van jou besittings
9. Praat altyd die waarheid
10. Wees tevrede met wat jy besit

DIENSBARE LEIERSKAP


Die Voortrekkers beskou leierskap as: *Die aanvaarding van verantwoordelikheid en die uitlewing van roeping deur diensbaarheid.*

- ◆ Belyn met die Wese van Die Voortrekkers!
- ◆ **Roeping:** God roep elkeen van ons om 'n spesifieke taak te doen. Hy gee ons gawes en talente om dit te kan doen.
- ◆ **Verantwoordelikheid:** As God roep met 'n dienstaak, moet ek daarop antwoord. Jy is aanspreeklik aan God om jou roeping/taak te vervul!
- ◆ **Diensbaarheid:** Deur diens te doen maak ek 'n verskil. Sit en wag nie vir ander nie. Ek moet my **roeping** met **verantwoordelikheid** vervul deur **diensbaar** te wees.

EMOSIONELE INTELLIGENSIE

- ◆ Emosionele intelligensie: die vermoë om jou eie emosies en dié van ander te identifiseer en te bestuur.
- ◆ Hoe ons ons gedrag bestuur, sosiale situasies navigeer en persoonlike besluite neem wat positiewe resultate behaal.
- ◆ **Selfbewustheid:** Vermoë om my eie gemoedstoestand en emosies te herken en te verstaan - ook die effek wat dit op ander mag hê.
- ◆ **Selfbeheer:** Vermoë om ontwrigtende drange te beheer of te bestuur, om nie te oordeel nie, en om te dink voordat jy praat.
- ◆ **Selfmotivering:** Passie om te werk vir interne redes wat eksterne belonings (geld/status) oorskry.
- ◆ **Empatie:** Vermoë om ander mense se emosionele samestelling te verstaan en hulle volgens hulle emosionele reaksies te behandel.
- ◆ **Sosiale Vaardighede:** Bestuur verhoudings en bou netwerke met gemak.

PROBLEEMOPLOSSING



DIE GESKIEDENIS VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG TOT VOOR REPUBLIEKWORDING

- ◆ Na afloop van die Anglo-Boereoorlog was die Afrikaners in 'n getraumatiseerde en mismoedige gemeenskap.
- ◆ Louis Botha, Koos de la Rey en Christiaan de Wet (boeregenerale) het geld probeer insamel vir die nood onder die Afrikaners. Min geld is ingevorder.
- ◆ Suid-Afrika word boonop deur 'n ernstige droogte omsingel wat 'n ernstige ekonomiese impak gehad het.
- ◆ Maar ten spyte van die stryd het Afrikaners hulle menswaardigheid en identiteit behou en plase, kerke en dorpe herbou.
- ◆ 8 Jaar na die Vrede van Vereeniging word die **Unie van Suid-Afrika** op **31 Mei 1910** tot stand.
 - **Louis Botha** word verkies as eerste minister.
 - Die vier voormalige selfregerende kolonies (**Kaapkolonie, Natal, Vrytaat** en **Transvaa/ZAR**) word in die Unie saamgevoeg.
 - Britse stelsel word gevolg: Die Unie se parlement hanteer binnelandse sake, maar is onderworpe aan die Britse parlement.
- ◆ Die Uniewording is nie eenparig deur Afrikaners aanvaar nie. Die wonde van die Anglo-Boereoorlog was nog rou.
- ◆ Daar was ook 'n politieke tweespalt in die Unie: Hertzog het Suid-Afrika se belange as die swaarste gewees terwyl Louis Botha en Jan Smuts ten gunste van Brittanje se belange gestry het.
- ◆ Die Unie het nagelaat om die grootste deel van SA se bevolking (swart bevolking) te betrek. Dit lei tot die stigting van die **ANC** in **1912**.

- ◆ Met die uitbreek van die eerste-wêreldoorlog was Suid-Afrikaners nog gekant teen die idee om Brittanje in 'n oorlog te steun.
- ◆ Toe die Unie besluit om Brittanje se versoek vir militêre bystand teen Duitsland te eer, het die Afrikaners gerebeleer in die **1914-Rebellie**.
 - Voormalige boeregenerale het die rebellie ondersteun en het spanning en skeuring onder die Afrikaner veroorsaak.
 - Genl. Koos de la Rey is in 'n padblokkade naby Potchefstroom doodgeskiet.
 - **Jan Smuts** het een van die rebelle, **Jopie Fourie**, tot die dood veroordeel. Afrikaners was geskok dat 'n mede-Afrikaner 'n ander so kan veroordeel, en Fourie het martelaarstatus gekry.
 - Steeds was die rebellie 'n mislukking; die Unie was 'n demokrasie en 'n groep rebelle kon nie met geweld of intimidasie die staat swaai nie.
 - Die rebelle is beboet vir hulle skade en moes miljoene ponde aan die Britse regering betaal.
- ◆ Die Afrikaner-gemeenskap het saamgespring en die **Helpmekeer-fonds** gestig om mede Afrikaners wat in armoede lewe uit te help. Daar was genoeg geld ingesamel om selfs geld aan die provinsies te verdeel.
 - Deur die Helpmekeer aansporing om spaarkapitaal beskikbaar te stel, het ondernemings soos Sanlam, Santam en KVV tot stand gekom - die begin van Suid-Afrika se eie ekonomiese waarde.
- ◆ In 1926 het Brittanje afstand gedoen van alle staatkundige seggenskap oor Suid-Afrika; die Unie kon hulle eie vlag ontwerp en in **1927** word die oranje-blanje-blou as Suid-Afrika se eerste vlag aanvaar. Die vlag lei tot nuwe vlam in Afrikaners se kultuuridentiteit.
- ◆ In 1931 het die FAK 'n kompetisie geloods om 'n geskikte volkslied te vind. **C.J. Langenhoven** se "Die Stem van Suid-Afrika" wat hy reeds in 1921 geskryf het, word eenparig aanvaar. **ML de Villiers** het die gedig getoonset.
- ◆ Kultuurorganisasies (Soos Die Voortrekkers) het ontstaan en het bydrae gelewer om die Afrikaner se identiteit deur musiek, radiodienste en kulturfeste te vestig.
- ◆ Met die uitbreek van die **Tweede-Wêreldoorlog** het baie Afrikaners in Noord-Afrika en Italië saam met Brittanje geveg.
 - Baie Afrikaners het nie die oorlog ondersteun nie. Soos met die 1914-Rebellie, was dit vir baie ondinkbaar om onder die Britse vlag te veg.
 - Die **Ossewabrandwag** het ontstaan as protesbeweging teen Suid-Afrika se deelname.
 - Die Ossewabrandwag het gepoog om Suid-Afrika in 'n nasionaal-sosialistiese republiek (soos Hitler se visie) te verander. Dit was onsuksesvol en Suid-Afrika het steeds 'n demokratiese staat gebly.

DIE GRONDWET EN HANDVES VAN REGTE

- ◆ **Demokrasie:** mense van 'n land het deur hulle stemreg 'n inspraak oor hoe (en deur wie) die land regeer moet word.
- ◆ **Grondwetlike Demokrasie:** Suid-Afrika se demokrasie. Daar is 'n Grondwet wat die verhouding tussen die staat en die burgers beskryf.
- ◆ **Veelpartystelsel:** Daar is verskillende partye wat teenoor mekaar staan en mekaar verantwoordelik hou vir hulle doen en late.
- ◆ Die **Grondwet** is die hoogste gesag in Suid-Afrika. Enige wet wat teenstrydig is met die Grondwet, is ongeldig.
 - Die **Konstitusionele Hof** se taak is om te beslis in gevalle waar mense glo die Grondwet word geskend.

- ◆ **Handves van Regte:** 'n Hoofstuk in die Grondwet wat almal in die land se basiese menseregte beskryf.
- ◆ Menseregte mag beperk word - daar is billike perke wat versker dat vrede en orde geskied.
 - Beperking: ons moet mekaar se regte respekteer.
 - Die Handves van Regte skryf voor onder watter omstandighede die wet jou regte kan beperk (soos kriminele oortreding)
- ◆ Die Grondwet kan nie verseker dat jou regte nie geskend word nie. Jy moet self in staat wees om dit te verdedig as iemand teen jou diskrimineer.


KAART- EN KOMPASWERK

☞ *Hersien die afdelings in die Verkennerlewe. Maak seker dat jy die volgende kan doen:*

1. Gemaklik met die skaal op 'n topografiese kaart kan werk (bv. Hoe vêr in kilometer is 1.5cm op 'n 1:25000 skaal kaart?)
2. Gemaklik 'n peiling op 'n kaart kan trek (bv. Waar sou jy uitkom as jy 5km op 175 grade van Punt A sou stap?)
3. Gemaklik 'n koördinaat van die kaart kan lees, en ook 'n koördinaat op 'n kaart kan aandui.
4. Gemaklik is om 'n peiling van 'n kaart (ware Noord) na 'n kompas (magnetiese Noord) te lees, en vice versa.
5. Op 'n topografiese kaart belangrike punte se simbole herken en uitwys (bv. Paaie, brue, hoogtemerker, geboue etc.)
6. Op 'n topografiese kaart hoogtelesings kan neem deur na die kontoerlyne te kyk. Jy moet ook kan bepaal of dit 'n krans, kloof, waterval ens. is.

ONTHOU

- ◆ Peiling word altyd geneem van Noord as 0°
- ◆ Magnetiese deklinasie: Die verskil tussen Ware Noord (waar die Noordpool is) en Magnetiese Noord (Die magnetiese velde wat 'n kompas rigting bepaal). Dit verander elke jaar met 'n paar minute in 'n spesifieke rigting, en jy moet uitwerk wat die magnetiese deklinasie vir die gegewe jaar is (indien dit nie reeds gegee word nie).
- ◆ Van kaart na kompas, tel jy magnetiese deklinasie BY. Van kompas na kaart, trek jy magnetiese deklinasie AF.



TOPOGRAFIESE SIMBOOLVERKLARINGS

National Freeway; National Route.....	Nasionale Deurpad; Nasionale Roete
Arterial RouteHoofverkeersroete
Main RoadHoofpad
Secondary Road; Bench Mark.....	Sekondêre Pad; Hoogtemerk
Other Road; BridgeAnder Pad; Brug
Track and Hiking Trail.....	Dowwe Pad en Voetslaanpad
Railway; Station or Siding.....	Spoorweg; Stasie of Sylyn
Other Railway; Tunnel.....	Ander Spoorweg; Tonnel
Embankment; Cutting.....	Opvulling; Deurgrawing
Power Line.....	Kraglynn
Built-up Area (High, Low Density).....	Beboude Gebied (Hoë, Lae Digtheid)
Buildings; RuinGeboue; Murasie
Post Office; Police Station; Store.....	Poskantoor; Polisiestasie; Winkel
Place of Worship; School; HotelPlek van Aanbidding; Skool; Hotel
Fence; WallDraadheining; Muur
Windpump; Monument.....	Windpomp; Monument
Communication Tower.....	Kommunikasietoring
Mine Dump; ExcavationMynhoop; Uitgrawing
Trigonometrical Station; Marine Beacon.....	Peilbaken; Seevaartbaken
Lighthouse and Marine Light.....	Vuurtoring en Seevaartig
Cemetery; GraveBegraafplaas; Graf
International Boundary and Beacon.....	Internasionale Grens en Baken
Provincial Boundary.....	Provinsiale Grens
Protected Area.....	Bewarings Gebied
Perennial RiverStandhoudende Rivier
Perennial Water.....	Standhoudende Water
Non-perennial River.....	Nie-standhoudende Rivier
Non-Perennial Water.....	Nie-standhoudende Water
Dry Water CourseDroë Loop
Dry PanDroë Pan
Marsh and VleiMoeras en Vlei
Pipeline (above ground).....	Pyplyn (bo die grond)
Water Tower; Reservoir; Water Point.....	Watertoring; Reservoir; Waterpunt
Coastal RocksKuslynrotse
Prominent Rock Outcrop.....	Prominente Klipbank
Erosion; Sand.....	Erosie; Sand
WoodlandBeboste Gebied
Cultivated Land.....	Bewerkte Land
Orchard or VineyardBoord of Wingerd
Recreation Ground.....	Ontspanningsterrein
Row of Trees.....	Rye Bome

Kadastrale inligting verstrek deur die Landmeter-generaal
Oorspronklike Plase

5. BAASVERKENNER

VERSKILLENDE GELOOFSBELEWENISSE

- ◆ Geloofsbelewenis (of spiritualiteit) is die wyse hoe ek God in my lewe beleef en Hom aanbid.
- ◆ Vier spiritualiteitstipes word beskryf:

	BESKRYWING	GEBEDSLEWE
Kopspiritualiteit <i>Teologies georiënteerd</i>	Denkend en intellektueel. Die Bybel is vir hulle belangrik en sentrale bron. Gemaklik met formele preekstyl.	Goed geformuleerde gebede. Gedissiplineerd en afgerond met goeie teologiese inhoud.
Hartspiritualiteit <i>Charismaties georiënteerd</i>	Hou van warm uitdrukkings van geloof en emosie. Word gewoonlik gedoen deur gesigsuitdrukkings en handgebare tydens godsdiens. Getuienis, musiek en evangelisasie is vir hulle belangrik. Aansteklik.	Hou van vrye en spontane gebede met baie emosie.
Mistieke Spiritualiteit <i>Mistiek georiënteerd</i>	Luister graag na God in plaas daarvan om met Hom te praat. Soek die teenwoordigheid van God. Hou van stiltes/stilgebed in eredienste. Simbole is vir hulle belangrik. Herinner mense aan die heiligheid en teenwoordigheid van God te midde die aaledaagse	Luister, eerder as om met God te praat. Wil hê God moet Homself aan hulle openbaar deur gebed. Soms genoeg om net stil te wees saam met God.
Koninkrykspiritualiteit <i>Baanbreker georiënteerd</i>	Aktief betrokke by sending en barmhartigheid. Wil saam ander beplan aan aksies. Bring die gemeente tot aksie. Selfopoffering. Gehoorsaam en ywerig.	Bid terwyl hulle op sendingveld is. Ingestel om koninkryk van God te groei.

- ◆ Die Voortrekkers skep ruimte vir elke persoon om in hulle eie styl die Here te ontmoet. Voortrekkers verstaan en akkomoddeer mekaar se verskillende geloofsbelewenisse.

DEUGDE, NORME EN WAARDES

- ◆ **Deugde:** *eienskappe wat 'n mens in staat stel om 'n gelukkige lewe te hê*
 - **Kardinale Deugdes:** wysheid, regverdigheid, moed en selfbeheersing
 - **Bybelse Deugdes:** geloof, hoop en liefde
 - Kardinale + Bybelse Deugdes = “Die 7 Deugdes” / “Seven Virtues”
- ◆ **Norme:** *Gedragreël of konvensie wat 'n bepaalde gedrag voorskryf, verbied of toelaat*
 - Vir Die Voortrekkers is die **Bybel** die norm vir ons optrede.
 - Afrikaners se kultuurbegrip is baie naby aan 'n Westerse kultuur wat soms wegwyk van Bybelse kultuur:
 - Individualisme - *die mens se woord is wet*
 - *Persoonlike sukses is die maatstaaf vir geluk en status*
- ◆ **Waardes:** *Die beginsels en oortuigings wat vir 'n persoon belangrik is.*
 - Groot konflik as twee persone se waardes kruis

DIE TOEKOMS VAN AFRIKAANS

- ◆ Afrikaans is die 3de grootste taalgroep in Suid-Afrika
- ◆ Afrikaans is die enigste **Wes-Germaanse** taal wat **buite Europa** ontwikkel het.
- ◆ **Kreoolse taal:** taal met sterk invloed van verskillende ander tale
 - Maleise, Khoi-Khoi en Nederlandse invloed (onder meer)
- ◆ **Taalverskuiwing:** mense van 'n taalgroep vervang die taal met 'n ander.
 - *Gedeeltelik:* Afrikaners wat by die skool of restaurant Engels praat, maar by die huis Afrikaans.
 - *Volledig:* Oorspronklike taal word so afgeskeep dat dit nie meer gepraat word nie. Gewoonlik oor 'n lang tydperk of generasie.

GESKIEDENIS VAN REPUBLIEKWORDING TOT VANDAG

- ◆ **DF Malan** was die gesig van Afrikanernasionalisme en die strewe na 'n eie republiek
- ◆ Na tweede-wêreldoorlog het baie klein lande begin om onafhanklikheid van die groot moondhede te soek. Die internasionale klimaat was ten gunste van Suid-Afrika se republiekwording.
- ◆ Op **31 Mei 1961** het Suid-Afrika 'n republiek geword.
 - CR Swart was die eerste staatspresident.
 - In die jare na republiekwording sien Suid-Afrika sterk ekonomiese voorspoed en ontwikkeling.
- ◆ Die NG Kerk het inderwaarheid 'n Christelike goedkeuringstempel op die apartheidsbeleid geplaas - dit was vir Afrikaners tergerusstellend.
- ◆ **Verwoerd** wou die tuistelende van die verskillende swart stamme omskep in onafhanklike state waar die burgers hulle eie regte sou geniet.
 - Die Afrikaner wou na aanleiding van die Anglo-Boereoorlog, kolonialisme en die internasionale konflik elke bevolkingsgroep die geleentheid te bied om selfstandig op sy eie te ontwikkel.
- ◆ Baie Afrikaners was gekant teen die apartheidsideologie.
 - **Beyers Naude** was 'n Afrikaanse predikant wat die Christelike goedkeuring van apartheid teengestaan het. Hy ondersteun die ANC se gewapende stryd teen apartheid.
- ◆ Verwoerd word in **1966** deur Dimitri Tsafendas in die Volksraadsaal met 'n dolk doodgesteek.
- ◆ Suid-Afrika se militêre vermoë word versterk.
- ◆ Soweto-onluste op **16 Junie 1976** as gevolg van opstande teen Afrikaans as onderrigtaal. 15 skoliers word doodgeskiet en ontwikkel groot burgerlike onlus.

- ◆ Onder die bewind van **PW Botha**, raak Suid-Afrika betrokke in militêre operasie buite die grense in gevolg die groeiende kommunistiese ideale in die buurstate.
- ◆ Westerse lande ondersteun nie apartheidsbeleide nie en plaas sanksies op Suid-Afrika.
- ◆ Vanaf **1966** tot **1989** was Suid-Afrika betrokke in die **Grensoorlog** (Angola-Bosoorlog). Diensplig was verpligtend vir alle jong mans.
- ◆ Onrus onder leiding van die **UDF** het opgevlam. Die doel was om Suid-Afrika onregeeraar te maak deur geweld en sabotasie. Die UDF se taktieke was suksesvol en 'n politieke skaakmat het gevorm.
- ◆ Teen 1988 was die kommunistiese indringing in Suider-Afrika gestuit.
- ◆ In 1989 word FW de Klerk as president verkies.
- ◆ Op **11 Februarie 1990** word Nelson Mandela en ander ANC-leiers vrygelaat. Onderhandelinge begin om die land te hervorm.
- ◆ In 1993 wen de Klerk en Mandela saam die Nobelprys vir vrede.
- ◆ Op **27 April 1994** het die heel eerste demokratiese verkiesing waarin almal kon deelneem plaasgevind. Nelson Mandela word Suid-Afrika se nuwe president.

FINANSIELE INSTELLINGS

- ◆ **Beleggingshuise:** Instansie wat spesialiseer in die bestuur en maak van beleggings, bv. Investec of Allan Gray.
- ◆ **Aksepbanke:** Soos 'n gewone bank, maar aanvaar net kliënte met 'n baie sterk finansiële posisie (soos besighede). Bv. Rand Merchant Bank.
- ◆ **Versekeraars:** 'n Versekeraar verkoop polisse waar elke maand 'n bedrag belê word, en aan die einde van die termyn word die geld plus rente daarop teruggekry (bekend as **annuïteite**).
 - Lewensversekeraars
 - Korttermynversekeraars
 - Mediese fondse

Versekeraars word deur wetgewing geregleer.

- ◆ **Ontwikkelingsbanke:** Verskaf krediet aan persone en instansies wat die land opbou en ontwikkel bv. Landbank wat geld aan boere leen.

VERGADERINGS

Kennisgewing/Oproep vir 'n vergadering: Datums/uitnodigings van vergadering word gegee aan betrokke lede

Sakelys (Agenda): Die sake waarvoor daar op vergadering gepraat moet word. Word deur sekretaris saamgestel en word met voorsitter uitgeklaar. Word vooraf versprei aan lede.

Kworum: Die minimum getal lede van die vergadering wat teenwoordig moet wees om 'n besluit regsgeldig te maak. Gewoonlik 50% + 1

Voorsitter: Neem leiding van vergadering en is verantwoordelik vir ordelike en billike afhandeling van sakelys.

Sekretaris: Hanteer administratiewe sake van die vergadering

Notule: Geskrewe weergawe van die sake wat op vergadering hanteer is en besluite wat geneem is.

Mosie/Voorstel: 'n lid van die vergadering gee 'n voorstel oor 'n saak. **Sekondant** is 'n ander lid wat die mosie sekondeer (saamstem). **Amendement** is 'n positiewe verandering van die voorstel.

Stemming: Voorsitter bepaal wanneer daar oor 'n saak gestem moet word.

- **Staking van stemme:** As alle sake waarvoor gestem word dieselfde aantal stemme kry, het die voorsitter die beslissende stem.
- **Buite stemming:** Persone kan besluit om nie deel te neem aan die stemming nie, en dit kan so in die notule aangeteken word.

SAKE VAN DIE DAG

☂ Jy moet teen die middel van jou Graad 11 jaar ten minste een keer 'n week tyd maak om op hoogte van die week se gebeure te kom. Jy moet weet wat aangaan in die politiek, sport en ekonomie. Maak ook 'n draai by wêreldnuus.

In jou Graad 12 jaar, gaan soek 'n "opsomming" van wat alles in jou land en in die wêreldnuus in jou Graad 11 jaar gebeur het. Publikasies soos Huisgenoot, Netwerk24 en Maroela Media doen elke jaar voor nuwejaarsdag 'n terugkyk/refleksie afdeling oor wat die jaar gebeur het. Dit is 'n goeie opsomming maar moet nie vasgevang word in persoonlike opinies van die joernalis nie - ken die feite.

Die PV vraestel wat jy in Graad 12 skryf gaan grootliks vereis dat jy kennis dra van wat alles in die laaste paar maande (dws jou Graad 11 en 12 jaar) gebeur het. Die amptelike tydspanne wat in die eksamen gevra word is nuusgebeure tussen September tot Februarie.

Sake van die dag sluit ook algemene kennis vra in - dit is gewoonlik eenvoudige vrae waarvoor jy nie noodwendig kan voorberei nie. Moet nie te veel oor hierdie afdeling stres nie; maak seker dat jy reeds jou slaagpunt kry deur die Verkennerlewe te bemeester en vol punte daar te kry!

